

**2 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 28 en 29**

**Wat sê die offerverpligtinge aan ons?**

By die lees van al die nuwe offervoorskrifte begin ons kop naderhand draai. Dis getalle op getalle en offers op offers. Wat was die bedoeling van al die offers? Wat sê God vandag aan ons daarmee? Ons begryp die sin daarvan as ons let op die plek waar God die offers ingestel het én wat die bedoeling daarvan was. Die plek was in die velde van Moab. En die tyd? Net voor die volk oor die Jordaan na Jerusalem sou opruk. Die tog is na veertig jaar verby. Hulle gaan nou die hartland van belofte binne. Die versoekinge gaan al groter word om van die Here en sy gebooi te vergeet. Daarom word op hierdie besondere plek en tydstip verdere offers ingestel.

Die bedoeling van al die offers was om die volk daaglik aan die Here te herinner. Die Sabbatoffers het die volk gehelp om dié dag te heilig. Die Paasoffers het die verlossing uit Egipte vars in die geheue gehou. Die offers op die Groot Versoendag het die volk aan hul sondes en sondige aard herinner. So het die offers die volk gehelp om heilig met God en met mekaar te lewe.

In Christus het die offers tot hul einde gekom. Hy is ons enigste borg en middelaar. Ons moet die oog op Hom gerig hou. Hy lei ons daaglik deur sy Woord en Gees en wys ons hoe om te lewe. Doen ons dit?

*Sing: Skrifberyming 8:4*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*